NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2021

AFRIKAANS HUISTAAL: VRAESTEL I

Tyd: 3 uur 100 punte

LEES DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye en 'n Addendum van 10 bladsye (i–x). Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. In hierdie vraestel is daar drie afdelings:

AFDELING A: Begrip, Taal en Styl	(50 punte)
AFDELING B: Poësie	(30 punte)
AFDELING C: Visuele Geletterdheid en Kritiese Taalbewustheid	(20 punte)

3. Beantwoord AL die vrae in Afdelings A en C.

4. In Afdeling B is daar een keusevraag, nl. Vraag 5 of 6. Beantwoord dus drie vrae in hierdie afdeling: Vraag 4 (verpligtend), Vraag 5 of 6 (kies een) en Vraag 7 (verpligtend).

5. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genommer is.

6. Begin elke vraag **boaan 'n nuwe bladsy**. Rofwerk moet duidelik aangedui word.

7. Laat 'n reël oop tussen antwoorde en skryf slegs tussen die kantlyne.

8. Lees die instruksies by ELKE vraag noukeurig deur en voer die opdragte presies daarvolgens uit. Let op die puntetoekenning by elke vraag en gebruik dit as riglyn vir die antwoord se lengte.

9. Langs die nommer van sommige vrae kom die afkorting ***MS*** voor. Dit beteken dat daardie spesifieke vraag met 'n **metingskaal** nagesien sal word. Jou antwoord moet 'n uitgebreide paragraaf wees, aangesien jou vermoë om te argumenteer en inligting te integreer, beoordeel sal word.

10. By elke vraag word 'n voorstel gemaak omtrent die aantal minute wat jy daarvoor moet gebruik om te verseker dat jy die hele vraestel voltooi.

11. Skenk aandag aan taalversorging.

IEB Copyright © 2021

AFDELING A BEGRIP, TAAL EN STYL

VRAAG 1 BEGRIP, TAAL EN STYL

Gebruik ongeveer 40 minute vir hierdie vraag.

Lees Willie Burger se resensie oor Azille Coetzee se boek *In my vel* (Teks 1 in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae:

1.1 Die kursiefgedrukte sin tussen die opskrif en paragraaf 1 word nie deur die resensent geskryf nie, maar deur die tydskrif se redaksie. Hoe word die resensent se oordeel oor die boek deur hierdie sin **vooruitgeloop**? (1)

1.2 Is die persoonlike inslag van paragraaf 1 aanvaarbaar? Verduidelik jou standpunt. (2)

1.3 ***MS*** Hoe word paragraaf 2 in die resensie geïntegreer? Verwys na die manier waarop die paragraaf deur middel van **inhoud** en **woordkeuse** met die voorafgaande en daaropvolgende paragrawe geskakel word. (3)

1.4 Verwys na die frase "*reality hunger*" in paragraaf 3.

1.4.1 Wat word met die frase "*reality hunger*" bedoel? (2)

1.4.2 Stel 'n woord of frase voor wat "*reality hunger*" in Afrikaans vertaal. (1)

1.5 Waarom, dink jy, het Azille Coetzee "heimlik (gehoop) om nie weer terug te keer nie" (paragraaf 4)? Noem EEN feit wat haar na Nederland toe **aantrek** en EEN feit wat haar uit Suid-Afrika sou **wegstoot**. Jy hoef nie jou antwoord tot die inhoud van die leesstuk te beperk nie. (2)

1.6 Verwys na die onderstreepte sinsdeel in paragraaf 5.

1.6.1 Skryf hierdie sinsdeel oor in die **bedrywende vorm**. Jou antwoord moet steeds met die **bywoord** begin. (1)

1.6.2 Verduidelik watter sinsvorm, na jou mening, die beste in hierdie konteks sou werk: die bedrywende of die lydende vorm. (1)

1.7 Verduidelik die gebruik van die aanhalingstekens in paragraaf 5. (1)

1.8 Die resensent maak dikwels van lysbeskrywings gebruik. Met watter woordkeuses word die **tweede** lys in paragraaf 5 en die lys in paragraaf 8 onderskeidelik aangedui? (2)

1.9 ***MS*** In die laaste sin van paragraaf 7 word 'n bepaalde kontras uitgelig. Verduidelik hierdie kontras in die lig van die paragraaf as geheel. (3)

1.10 Verduidelik in jou eie woorde wat Azille Coetzee doen om die resensent jaloers te maak (paragraaf 9). (2)

1.11 Is die onderstreepte sin in paragraaf 10 diskriminerend? Skryf TWEE antwoorde op hierdie vraag neer: een wat begin met "Ja, want ..." en een wat begin met "Nee, want ...". (2)

1.12 ***MS*** Sou jy graag hierdie boek wou lees nadat jy die resensie gelees het? Motiveer jou antwoord. (3)

[26]

IEB Copyright © 2021

VRAAG 2 BEGRIP, TAAL EN STYL

Gebruik ongeveer 30 minute vir hierdie vraag.

Lees die rubriek deur Marné Pienaar, "Huwelik aan't steier oor gewraakte naam" (Teks 2 in die Addendum) deur en beantwoord die volgende vrae:

2.1 Verduidelik die betekenis van "gewraakte" in die opskrif, soos gesien in die konteks van die rubriek. (1)

2.2 Verwys na paragraaf 1.

2.2.1 Verduidelik die frase "op die rotse". (1)

2.2.2 Skryf 'n ander uitdrukking uit die rubriek neer wat dieselfde beteken as "op die rotse". (1)

2.3 Die woord *sic!* wat in paragraaf 2 gebruik word, word soos volg in die HAT6 verduidelik:

> sic *bw.* (*Lat.*) so staan daar woordeliks; aldus. ☛ By sitate dikwels (tussen hakies) gebruik om te beklemtoon dat die skrywer self dit so gestel het, asook dat daar moontlik 'n (druk)fout kan wees.

2.3.1 Waarvoor staan die afkorting **Lat.**? (1)

2.3.2 Verskaf 'n sinoniem vir die woord **sitate**. (1)

2.3.3 In die lig van die woordeboekdefinisie, waarom gebruik die skrywer die woord (*sic!*) in paragraaf 2? (1)

2.4 Watter kontras word geïmpliseer deur die gebruik van die woord **wel** in paragraaf 4? (2)

2.5 Die gebruik van die woord **gelukkig** in paragraaf 6 impliseer 'n waarde-oordeel by die rubriekskrywer. Verduidelik wat hierdie waardeoordeel is. (2)

2.6 Waarom word paragraaf 7 en 8 verdeel en nie as een paragraaf aangebied nie? (2)

2.7 Die uitroep "Huh?" (paragraaf 11) word deur die rubriekskrywer op een manier **bedoel**, maar op 'n totaal ander manier deur die bestuurder **verstaan**. Verduidelik wat die uitroep vir ELKEEN van die twee persone beteken. (2)

[14]

IEB Copyright © 2021

VRAAG 3 TEKSVERWERKING

Gebruik ongeveer 20 minute vir hierdie vraag.

Situasie:

Jy is 'n verslaggewer vir die skoolkoerant en jy is verantwoordelik vir die rubriek "Vier vrae aan ..." waarin kort onderhoude met interessante Suid-Afrikaners gevoer word.

Vir die nuutste uitgawe van die koerant moes jy per e-pos 'n onderhoud met die geleentheidsbeplanner Aleit Swanepoel voer. Dinge het egter skeefgeloop en die e-poskommunikasie kon nie plaasvind nie.

Die aand voordat jy jou teks vir die rubriek moet inlewer, vind jy Maryke Roberts se artikel oor Aleit Swanepoel (Teks 3 in die Addendum). Deur hierdie teks te verwerk kan jy jou probleem oplos!

Opdrag:

MS Formuleer VIER vrae wat jy aan Aleit Swanepoel kan stel, asook die antwoorde soos jy dink hy dit sou formuleer.

Let wel:

- Die vier vrae en hulle antwoorde moet **gesamentlik** tussen 90 en 100 woorde lank wees.
- Gebruik volsinne, al kan jou skryfstyl **informeel** wees om by die lesers te pas.
- Engelse woorde en sleng is nie aanvaarbaar nie.
- Dui jou **totale** woordtelling onder jou teks aan.
- Tel alle woorde in die paragrawe, ook lidwoorde (**die** en **'n**).
- Jou **inhoud** mag uitsluitlik uit die teks kom – moenie jou eie idees of feite byvoeg nie.
- Jy behoort minstens 8 tot 10 feite in die antwoorde in te sluit.
- Jou vrae en antwoorde sal met 'n metingskaal nagesien word.

[10]

50 punte

IEB Copyright © 2021

AFDELING B POËSIE

VRAAG 4 VOORBEREIDE GEDIG: VERPLIGTE VRAAG

Gebruik ongeveer 20 minute vir hierdie vraag.

Lees die gedig "Die bokser" deur Ernst van Heerden (Teks 4 in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae:

4.1 Verduidelik die kontras tussen die strofebou van die gedig en die inhoud van strofe 1. (2)

4.2 Watter betekenis word deur die ellipsgebruik aan die leser oorgedra? Verduidelik jou antwoord in die konteks van die gedig. (1)

4.3 Verduidelik die vergelyking in versreël 18. (2)

4.4 Wat is die metaforiese betekenis van die frase "klein kryt" (versreël1) in die konteks van die gedig as geheel? (2)

4.5 Watter woorde of beelde in die gedig maak dit duidelik dat ons hier nie slegs met 'n letterlike boksgeveg te doen het nie? Verduidelik jou antwoord. (2)

4.6 ***MS*** Hierdie gedig het reeds in 1946 verskyn. Verduidelik waarom jy dink dat matrikulante van 2020 steeds hierdie gedig moet bestudeer. (3)

[12]

VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG: KEUSEVRAAG

Gebruik ongeveer 20 minute vir hierdie vraag.

Lees die gedig "Herinnering" deur Elisabeth Eybers (Teks 5 in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae:

5.1 Noem een element van die uiterlike vorm om te bewys dat hierdie gedig 'n **Italiaanse** sonnet is. (1)

5.2 Waar kom die **wending** in hierdie gedig voor? Motiveer jou antwoord. (2)

5.3 Aan die hand van voorbeelde, dui aan hoe die digter 'n **emosioneel gelade**, **melancholiese toon** in die sonnet skep. (2)

5.4 ***MS*** In hierdie afdeling word vrae oor twee sonnette gestel: hierdie een deur Eybers en "Telkom-gesprek met my ma (2)" deur Lucas Malan (Teks 6 in die Addendum). Watter een beskou jy as die mees geslaagde sonnet? Motiveer jou antwoord. (3)

[8]

OF

IEB Copyright © 2021

VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG: KEUSEVRAAG

Gebruik ongeveer 20 minute vir hierdie vraag.

Lees die gedig "Telkom-gesprek met my ma (2)" deur Lucas Malan (Teks 6 in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae:

6.1 Noem een element van die uiterlike vorm om aan te toon dat hierdie gedig 'n **Engelse** sonnet is. (1)

6.2 Hoekom is die **tydsaanduidings** in strofe 1 belangrik vir die strekking van die gedig? (2)

6.3 Aan die hand van voorbeelde, dui aan hoe die digter 'n **humoristiese toon** in die sonnet skep. (2)

6.4 ***MS*** In hierdie afdeling word vrae oor twee sonnette gestel: hierdie een deur Malan en "Herinnering" deur Elisabeth Eybers (Teks 5 in die Addendum). Watter een beskou jy as die mees geslaagde sonnet? Motiveer jou antwoord. (3)
[8]

VRAAG 7 ONVOORBEREIDE GEDIG: VERPLIGTE VRAAG

Gebruik ongeveer 20 minute vir hierdie vraag.

Lees die gedig "ons wag" deur Antjie Krog (Teks 7 in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae:

7.1 Verwys na strofe 1.

7.1.1 Wie is die "jy" en die "ek"? (1)

7.1.2 Waarom, dink jy, wag hierdie twee mense nie op dieselfde plek nie? (1)

7.2 ***MS*** Aan die hand van voorbeelde, dui aan hoe spanning in die gedig geskep word. Verwys na die poëtiese middele wat die digter daarvoor inspan. (3)

7.3 ***MS*** Verduidelik die metafoor in strofe 6 in die konteks van die gedig as geheel. (3)

7.4 Verwys na die slotversreël. Bespreek die effek van die godsdienstig gelaaide woorde "salig wederborene". (2)
[10]

30 punte

IEB Copyright © 2021

AFDELING C VISUELE GELETTERDHEID; KRITIESE TAALBEWUSTHEID

VRAAG 8 SPOTPRENTE

Gebruik ongeveer 20 minute vir hierdie vraag.

Bestudeer die twee spotprente deur Fred Mouton (Teks 8A en 8B in die Addendum) en beantwoord die vrae wat volg.

Aantekening: 'n Nuwe variasie van die koronavirus het 'n siekte, wat deur die mediese professie COVID-19 genoem is, veroorsaak. Dit het gedurende 2020 miljoene mense wêreldwyd siek gemaak en honderdduisende sterftes veroorsaak. Daarom is dit deur die Wêreldgesondheidsorganisasie tot 'n pandemie verklaar. In die meeste lande is mense gedwing om vir weke aaneen tuis te bly sodat die verspreiding van die virus beperk kon word. Dit het rampspoedige gevolge vir die wêreldekonomie gehad.

Verwys na Teks 8A.

8.1 ***MS*** Verduidelik die implikasie van die kettings en die slot in hierdie spotprent. (3)

8.2 Hoe word 'n hoë koors in die spotprent uitgebeeld? (1)

8.3 Die muisie in die onderste regterhoek van die spotprent sê: "... en daar heers 'n koorsagtige afwagting." Hoe lewer hierdie woorde kommentaar op die situasie wat in die spotprent uitgebeeld word? (2)

Verwys na Teks 8B.

8.4 Waarom is **handsaniteerder** tydens die pandemie nodig? (1)

8.5 Hoe word die bestuurder se dronkenskap **visueel** in die spotprent uitgebeeld? (1)

8.6 Hoe word die bestuurder se dronkenskap **deur die teks** in die spotprent voorgestel? (1)

8.7 Beskryf die hond se houding in jou eie woorde. Motiveer jou antwoord deur na spesifieke visuele aspekte van die spotprent te verwys. (2)

8.8 Wat is die implikasie van die teenwoordigheid van die perd en die koei in die spotprent? (1)

Verwys na albei spotprente.

8.9 ***MS*** Kontrasteer die **toon** van die twee spotprente en dui aan watter een jy as die geskikste spotprent beskou om die pandemie uit te beeld. (3)

[15]

IEB Copyright © 2021

VRAAG 9 INFOGRAFIKA

Gebruik ongeveer 10 minute vir hierdie vraag.

Infografika is die gebruik van visuele tegnieke om inligting aan lesers oor te dra.

Bestudeer die voorbeeld van infografika (Teks 9 in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae:

9.1 Noem twee **visuele aspekte** van die infografika wat suggereer dat dit hoofsaaklik vir **kinders** bedoel is. (2)

9.2 Verskaf 'n voorbeeld van **woordgebruik** wat suggereer dat hierdie infografika op kinderlesers gerig is. (1)

9.3 Waarom word daar spesifiek gesê dat die infografika 'n "**tong-in-die-kies gids**" is? (1)

9.4 Lees weer die bespreking oor die hart. Hoe bepaal die aksentteken op die woord "nóg" die betekenis van die sin waarin die woord voorkom? (1)
[5]

20 punte

Totaal: 100 punte

IEB Copyright © 2021